SimpleStudy®

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## NOVEMBER 2015

# EKONOMIE V1 MEMORANDUM

**PUNTE: 150**

Hierdie memorandum bestaan uit 12 bladsye.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

### 1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

1.1.1 C ✓✓ Entrepreneur
1.1.2 B ✓✓ bygetel
1.1.3 B ✓✓ die regering
1.1.4 C ✓✓ steenkool
1.1.5 B ✓✓ Kapitaalwinsbelasting
1.1.6 B ✓✓ Ekonomiese groei
1.1.7 A ✓✓ onder
1.1.8 C ✓✓ het waarde slegs omdat dit algemeen as ʼn ruilmiddel aanvaar word. (8 x 2) (16)

### 1.2 PAS ITEMS

1.2.1 D ✓ die bedrag geld wat ʼn natuurlike hulpbron verdien bo en behalwe sy oordrag verdienste
1.2.2 A ✓ gebeur wanneer die waarde van alle uitsette van al die ondernemings in die ekonomie net bymekaargetel word
1.2.3 B ✓ gee die beste moontlike uitkoms met ʼn gegewe stel omstandighede
1.2.4 E ✓ sluit beskerming, sanitasie en water in
1.2.5 H ✓ verhouding tussen reële uitset en inset
1.2.6 F ✓ ʼn statistiese maatstaf wat gebruik word om die ongelykheid van inkome verdeling uit te druk
1.2.7 G ✓ die waarde van bankbates wat gehou word in die vorm van kontant om die dag-tot-dag onttrekkings deur kliënte asook finansiële verpligtinge na te kom
1.2.8 C ✓ finansiële bystand wat nie terugbetaal moet word nie (8)
(8 x 1)

### 1.3 GEE EEN BEGRIP

1.3.1 Nominale lone ✓
1.3.2 Nie-duursame goedere ✓
1.3.3 Privatisering ✓
1.3.4 Ekonomiese ontwikkeling ✓
1.3.5 Verbruikerskaarte ✓
1.3.6 Handelstekort ✓ (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B:** (Beantwoord enige DRIE vrae uit hierdie afdeling.)

**VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE**

2.1 2.1.1
- Individue moet hul grondwetlike reg gebruik om te stem vir die politieke party wat dieselfde doelwitte as hulle nastreef. ✓✓
- Hulle moet deelneem aan die amptelike strukture wat in plek is, soos rade, komitees en forums. ✓✓
- Hulle doen beroepe deur die media, openbare gemeenskapsorganisasies, soos belastingbetalersverenigings, petisies en gemagtigde betogings en optogte. ✓✓ (Enige 2 x 1) (2)

2.1.2 Die totale waarde van alle finale goedere en dienste wat binne die grens van 'n land in 'n spesifieke periode, gewoonlik een jaar, geproduseer word. ✓✓ (1 x 2) (2)

2.2 **DATA RESPONS**

2.2.1 Is mense wat nie geskik is vir werk nie. ✓✓
Mense bo die ouderdom van 65. ✓✓
Diegene onder die ouderdom van 15 jaar. ✓✓
(Enige toepaslike antwoord)
(Enige 1 x 2) (2)

2.2.2 4 364/17 482 x 100 = 25% of 24,9% ✓✓ (2)

2.2.3 Daar is 'n toename/neem toe. ✓✓ (2)

2.2.4
- Skool opvoeding ✓✓
- Werkverwante opleiding ✓✓
- Gesondheid ✓✓ (Enige 2 x 2) (4)

2.3 **DATA RESPONS**

2.3.1 Is 'n ekonomie wat vraag en aanbod gebruik om die vrae wat, hoe en vir wie om goedere en dienste te produseer, te beantwoord. ✓✓ (2)

2.3.2 Individue neem hulle eie besluite en het vryheid van keuse sonder om deur die regering voorgeskryf te word. ✓✓
Die produksiefaktore word privaat besit en beheer. ✓✓
(Enige toepaslike antwoord) (Enige 1 x 2) (2)

2.3.3 Selfbelang of private gewin. ✓✓ (2)

2.3.4
- Dit werk outomaties ✓✓
- Innovering ✓✓
- Keuse ✓✓
- Ekonomiese groei ✓✓
- Verspreiding van inkome en rykdom ✓✓
- Doeltreffendheid ✓✓ (Enige 2 x 2) (4)

2.4 **Verduidelik kapitaal- (intermediêre) goedere en dienste.**

- Hierdie goedere help om ander goedere te vervaardig en word nie direk opgebruik nie. ✓✓
- Bv. masjinerie en toerusting wat gebruik word in produksie. ✓✓
- Word gekoop deur vervaardigers van goedere en dienste. ✓✓
- Sluit ook goedere en dienste in wat half-klaar is of die finale stadium moet bereik voordat dit vir verbruik gereed is. ✓✓
- Vereis nog prosessering ten einde dit 'n finale produk te maak. ✓✓

(Enige 4 x 2) (8)

2.5 **Bespreek kortliks die doeltreffendheid in die lewering van sosiale dienste in Suid-Afrika.**

- **Onderwys en opleiding** ✓✓
  Onderwys is die enkele grootste uitgawe-item in die begroting. ✓✓
  Dit sluit in basiese onderwys in skole, VOO kolleges en universiteite, om geletterdheid te verhoog.✓✓

- **Gesondheidsorg**✓✓
  Om basiese gesondheidsdienste aan die hele gemeenskap te verskaf. ✓✓
  Vraag na gesondheidsorg gaan waarskynlik toeneem namate meer pasiënte behandeling moet ontvang vir MIV/Vigs en TB. ✓✓

- **Behuisingsfunksie** ✓✓
  Sluit die voorsiening van behuising aan armes is. ✓✓

- **Sosiale sekuriteit** ✓✓
  Probeer die basiese behoeftes van sommige individue bevredig.✓✓
  Dit beskerm ook en bevorder die regte van weerlose groepe soos kinders, ouer persone, vroue en mense met gebreke. ✓✓

- **Openbare orde en veiligheid** ✓✓
  Fisiese beskerming sluit in die weermag, polisie, kriminele regstelsel en korrektiewe dienste.✓✓
  Dit is kollektiewe dienste. ✓✓
  Die kwaliteit en doeltreffendheid van hierdie dienste maak dat gemeenskappe en individue veilig en beskerm voel, of nie. ✓✓ (2 x 4) (8)

**[40]**

## VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES

3.1 3.1.1
- Vlak van onderwys en tersiêre kwalifikasies. ✓
- Ligging van streek, met hoër inkome in stedelike gebiede in vergelyking met plattelandse gebiede. ✓
- Ekonomiese sektor met primêre sektor verdienste wat laer is as verdienste in die tersiêre sektor. ✓
- Mate van gelyke indiensname, waar daar inkome verskille is as gevolg van ras- en geslagsdiskriminasie. ✓

(Enige toepaslike antwoord.) (Enige 2 x 1) (2)

3.1.2
- Om die funksionering van markte te versterk. ✓✓
- Om ekonomiese groei en ontwikkeling te bevorder. ✓✓
- Om herverdeling van inkome en rykdom te verseker. ✓✓

(Enige 1 x 2) (2)

3.2 **DATA RESPONS**

3.2.1
- Angola ✓
- Botswana ✓
- DRK ✓
- Lesotho ✓
- Malawi ✓
- Mauritius ✓
- Mosambiek ✓
- Namibië ✓
- RSA ✓
- Seychelle ✓
- Swaziland ✓
- Tanzanië ✓
- Zambië ✓
- Zimbabwe ✓
- Madagaskar ✓ (Enige 2 x 1) (2)

3.2.2 Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap ✓✓ (2)

3.2.3
- Ekonomiese welstand ✓✓
- Verbetering van lewensstandaard en lewenskwaliteit ✓✓
- Vryheid en sosiale regverdigheid en vrede en sekuriteit vir die mense van Suider-Afrika. ✓✓ (Enige 1 x 2) (2)

3.2.4
- Vryhandelgebied ✓✓
- Doeane-unie ✓✓
- Gemeenskapsmark ✓✓
- Ekonomiese-unie ✓✓
- Monetêre-unie ✓✓ (Enige 2 x 2) (4)

3.3 **DATA RESPONS**

3.3.1 ŉ Bankmislukking vind plaas wanneer ŉ bank nie in sy kliënte se vraag na kontant kan voorsien nie. ✓✓ (2)

3.3.2 SARB meng in om ŉ verlies aan vertroue in die banksektor te voorkom. ✓✓
Die SARB waarborg dat deposante nie die geld sal verloor wat hulle by geregistreerde banke gedeponeer het nie. ✓✓ (2)

3.3.3
- Het die geld verloor. ✓✓
- Verloor beleggingsaandeel in die bank. ✓✓
- Verloor vertroue in die bankstelsel. ✓✓
- Kan huis verloor. ✓✓ (Enige toepaslike antwoord) (Enige 1 x 2) (2)

3.3.4
- Swak bestuur ✓✓
- Swak kredietbeheer ✓✓
- Slegte skuld ✓✓ (Enige 2 x 2) (4)

3.4
- **Bespreek kortliks die doelwitte van monetêre beleid.**
- Verseker ekonomiese groei in die land deur die waarde van die geldeenheid te beskerm. ✓✓
- Beheer die aanbod van geld en die vlakke van krediet tot voordeel van verbruikers en ondernemings. ✓✓
- Bestuur stabiele toestande in die finansiële industrie. ✓✓
- Stel rentekoerse vas en bevorder beleggings en besparings, maar moet ook redelik wees teenoor diegene wat geld leen. ✓✓
- Wisselkoerse, wat voordelig is vir die hele land, behoort in stand gehou te word. ✓✓ (4 x 2)

3.5 **Ontleed lae lewensstandaard en lae vlakke van produktiwiteit as kenmerke van ontwikkelende lande.**

**Lae lewenstandaard**
- Lewensstandaard word gemeet kragtens per capita BNI, of kragtens reële per capita BNI indien dit oor ŉ tydperk gemeet word. ✓✓
- Die lewensstandaard in ontwikkelende lande is oor die algemeen laag, hoofsaaklik as gevolg van die lae vlakke van inkome. ✓✓
- Dit lei tot armoede, onvoldoende behuising, swak gesondheidsorg, beperkte onderwys, hoë kinder-mortaliteit en lae lewensverwagting. ✓✓
- Mense sukkel om hulle basiese behoeftes te bevredig en voldoen nie aan hulle potensiaal nie. ✓✓ (2 x 2) (4)

**Lae vlakke van produktiwiteit**
- Produktiwiteitvlakke is laag as gevolg die gebrek aan kundigheid, veral in sleutelgebiede soos wetenskappe en tegnologie. ✓✓
- Ander toestande soos swak gesondheid, swak voeding en gebrek aan innovasie kom ook algemeen voor. ✓✓ (2 x 2) (4)

**[40]**

## VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES

4.1 4.1.1
- Sellulêre-telefoon ✓
- Satelliet-telefoon ✓
- Radio-telefoon ✓ (Enige toepaslike antwoord aanvaarbaar)

(2 x 1) (2)

4.1.2 Is mense wat uitgesluit word van betekenisvolle deelname in die gemeenskap, en wie se behoeftes meestal nie deur die owerhede aangespreek word nie. ✓✓ (Enige toepaslike antwoord) (1 x 2) (2)

4.2 **DATA RESPONS**

4.2.1 Is die totale besteding deur plaaslike huishoudings en private nie-winsnemende instellings wat huishoudings bedien, op nuwe finale goedere en dienste ✓✓ (2)

4.2.2
- Duursame goedere ✓✓
- Semi-duursame goedere ✓✓ (2 x 1) (2)

4.2.3 Neem toe teen 'n geringe stadige pas/neem af/daal. ✓✓

(Aanvaar enige toepaslike antwoord) (2)

4.2.4 Nie-duursame goedere – word verbruik of vernietig in die proses van verbruik ✓✓
Byvoorbeeld – voedsel, drank en tabak, huishoudelike brandstof, krag en water ✓✓ (Aanvaar enige toepaslike voorbeeld) (2 x 2) (4)

4.3 **DATA RESPONS**

4.3.1 Verstedeliking – is die beweging van mense van plattelandse gebiede na stedelike gebiede. ✓✓ (Aanvaar enige toepaslike voorbeeld) (2)

4.3.2
- Hoër ekonomiese groei in stedelike gebiede lok mense op soek na werksgeleenthede. ✓✓
- Vir beter onderwys. ✓✓
- Beter gesondheidsorgdienste ✓✓
- Besoek familie ✓✓

(Aanvaar enige toepaslike antwoord) (Enige 2 x 2) (4)

4.3.3
- Vlak van ontwikkeling ✓✓ (2)

4.3.4
- Gebrekkige infrastruktuur – tekort aan behuising, skole, hospitale, water- en elektrisiteitverskaffers. ✓✓
- Oorbevolking – vervoerprobleme en verkeersopeenhopings ✓✓
- Omgewingskade deur ontwikkeling van informele behuising ✓✓
- Hoë werkloosheid ✓✓

(Aanvaar enige toepaslike antwoord) (Enige 1 x 2) (2)

4.4 **Verduidelik kortliks enige TWEE faktore wat die wins van ’n entrepreneur beïnvloed.**

- **Die vaardigheid van die entrepreneur** ✓✓
  Entrepreneur wat kostes kan beheer, doeltreffend produseer en pryse en verkope akkuraat kan skat ✓✓en verdien waarskynlik hoër winste as diegene met ’n gebrek aan soortgelyke vaardighede. Hulle is bevoeg. ✓✓

- **Produksieprosesse en -tegnieke** ✓✓
  Entrepreneurs moet besluit watter produksiemetodes hulle gaan gebruik. ✓✓
  Besluite moet geneem word oor of hulle op groot skaal gaan produseer of slegs op bestelling. ✓✓
  Die masjinerie wat tydens produksie van goedere gebruik word, sal die produksiekoste sowel as die pryse van die produkte bepaal. ✓✓

- **Die vraag na die produk** ✓✓
  ’n Vraag na goedere het ’n invloed op wins. As die vraag na die produk hoog is, sal verkope toeneem en die wins sal ook hoër wees en omgekeerd. ✓✓

(Enige 2 x 4) (8)

4.5 **Bespreek die doelwitte van NEPAD** (8)

- Om volhoubare groei en ontwikkeling in Afrika-lande te verseker. ✓✓
- Voorkom dat Afrika gemarginaliseerd word en ontwikkel die vermoë om op wêreldmarkte mee te ding. ✓✓
- Verlig armoede deur agterstande in dienslewering uit te wis. ✓✓
- Versnel die bemagtiging van die vrou. ✓✓
- Bereik die Millennium Ontwikkelingsdoelwitte ✓✓ (Enige 4 x 2) (8)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

## AFDELING C

Beantwoord enige EEN van die twee vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

| STRUKTUUR VAN DIE OPSTEL | PUNTETOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding** | Maks. 2 |
| **Inhoud:**<br>**Hoofgedeelte**: Bespreek in detail/In diepte bespreking/Ondersoek/Bespreek krities/Ontleed/ Vergelyk/Evalueer/Onderskei/ Verduidelik/ Assesseer/Debatteer | Maks. 26 |
| **Addisionele gedeelte:** Gee eie mening/Bespreek krities/Evalueer/Evalueer krities/Teken 'n grafiek en verduidelik/Gebruik gegewe grafiek en verduidelik/ Voltooi die gegewe grafiek/Bereken/Lei af/Vergelyk/ Verduidelik/Onderskei/ Interpreteer/Debatteer kortliks | Maks.10 |
| **Slot** | Maks .2 |
| **TOTAAL** | **40** |

### VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE

Bespreek die ekonomiese belangrikheid van primêre sektor in die ekonomie. Evalueer die programme wat die regstelling van die grondkwessie in Suid-Afrika aanspreek, krities.

### INLEIDING

Die primêre sektor bestaan uit alle ekonomiese aktiwiteite wat in die eerste stap van die produksieproses van primêre produkte is, byvoorbeeld mynwese, landbou, bosbou en visserye. ✓✓

(Aanvaar enige toepaslike inleiding) Maks. 2 (3)

### INHOUD

**Belangrikheid van die primêre sektor**

- **Verskaf voedsel en minerale**: ✓ Sommige landbouprodukte word ingevoer.✓✓
- Suid-Afrika is amper selfvoorsienend in alle minerale behalwe ru-olie en ander olieprodukte wat ingevoer moet word. ✓✓
- Verdien buitelandse valuta deur uitvoere, wat inruil weer vir invoere van ander produkte betaal ✓✓
- **Lei werkers op en skep werksgeleenthede** ✓
  Werkers moet in die gebruik van masjinerie opgelei word.✓✓
  Werksgeleenthede word in die mynbou industrie geskep. ✓✓
  Landbou is 'n belangrike werkverskaffer vir plattelandse mense, alhoewel die getalle in die laaste jare afgeneem het. ✓✓
- **Voorsiening van grondstowwe vir die sekondêre nywerhede** ✓
  Visserye, mynbou en bosbou speel 'n belangrike rol in die uitbreiding en vestiging van die sekondêre nywerhede in Suid-Afrika. ✓✓
- **Bydrae tot BBP** ✓
  A.g.v. die daling in die bydrae van die primêre sektor tot die BBP, is dit belangrik dat die primêre sektor se rol in werkskepping steeds bestaan. ✓

Kopiereg voorbehou 

- **Bron van kapitaalvorming** ✓
  Die primêre sektor benodig groot bedrae kapitaal om goedere te produseer. ✓✓
  Buitelandse investering speel 'n belangrike rol in die uitbreiding van hierdie nywerhede. ✓✓
- **Stimulasie van navorsing en ontwikkeling** ✓
  In die primêre sektor is daar navorsingsinstitute wat navorsing doen oor metodes om produktiwiteit en kwaliteit 'n hupstoot te gee. ✓✓
- **Bron van staatsinkome** ✓
  In hierdie sektor ontvang die SAID belastings van alle nywerhede. ✓✓
  Goudmynmaatskappye betaal ekstra belasting, wat deel van 'n belangrike bron vir staatsinkome uitmaak. ✓✓
- **Positiewe invloed op infrastruktuur** ✓
  Die ontwikkeling van landboustreke en die ontdekking van minerale het 'n belangrike rol in die land gespeel. ✓✓ **Maks. 26**
  **(Maks. 9 indien slegs genoem)**

- **ADDISIONELE GEDEELTE**
  Krities evalueer die programme wat die regstelling van die grondkwessie in Suid-Afrika aanspreek, krities.

- **Grondhervormings/Grondrestitusieprogram** ✓
  Die doel van hierdie program is om die geldigheid van eise te ondersoek, grond terug te gee of finansiële vergoeding aan eisers uit te betaal. ✓✓
  Mense wie van hulle grond onteien is as gevolg van rasse-diskriminerende wette en praktyke. ✓✓
- **Grondherverdelingsprogram** ✓
  Die doel is om voorheen benadeelde Suid-Afrikaners toegang tot landbougrond te gee. ✓✓
  Die regering het oorspronklik gemik om 30% van Suid-Afrikaners se landbougrond teen 2014 te herverdeel. ✓✓
  Hulle het in 2010 toegegee dat die doelwit nie teen 2014 bereik sou word nie en 2025 as 'n meer realistiese datum aangedui. ✓✓
  Die klem het verskuif van vinnige herverdeling van grond na meer ondersteuning aan gevestigde begunstigdes. ✓✓ **Maks. 10**
  (Indien slegs genoem maks. 2 punte)

**SLOT**

Die primêre sektor het 'n baie belangrike rol, deur mense van voedsel en grondstowwe sedert die antieke tyd te voorsien. ✓✓ **Maks. 2**
(Aanvaar enige toepaslike slot)

## VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES

- Bespreek en evalueer die metodes wat deur die regering gebruik word om inkome en rykdom te herverdeel.
- Verduidelik kortliks die redes vir ongelyke verdeling van inkome.

**INLEIDING**
Een van die makro-ekonomiese doelwitte van die regering is om te ekonomiese regverdigheid in die land te verseker. ✓✓
Daarom moet die regering maatreëls instel om die grootte van die inkomstegaping tussen die ryk en die arm te laat krimp. ✓✓

**(Aanvaar enige toepaslike inleiding) Maks. 3**

**INHOUD**

**Herverdelingsmetodes**

- **Belasting** ✓
  Belasting is 'n instrument wat deur die regering gebruik word vir die herverdeling van inkome. ✓✓
  Meeste regerings gebruik 'n progressiewe belastingstelsel om inkome te herverdeel ✓✓
  In terme van progressiewe belasting, betaal die wat meer verdien, meer belasting. ✓✓
  Die addisionele inkome wat verkry word indien die belastingkoers verander, kan gebruik word om sosiale sekuriteitsprogramme te finansier. ✓✓
  Die regering herverdeel dus inkome van die rykes na die armes op hierdie manier. ✓✓

- **Sosiale sekuriteit** ✓
  Regering gebruik inkomste uit belasting om te betaal vir sy sosiale sekuriteit programme. ✓✓
  Oordragbetalings soos ouderdomspensioene en ongeskiktheidstoelaes word betaal uit belasting inkome. ✓✓
  Die regering voorsien ook nie-kontant voordele soos kospakkies, gratis onderwys en gratis mediese dienste aan die armes. ✓✓
  Hierdie voordele help om die lewensstandaard van diegene in lae inkome groepe te verhoog en verklein die ongelykheidsgaping. ✓✓

- **Minimum lone** ✓
  Die regering kan minimum loon vereistes implementeer. ✓✓
  Geen werkgewer word toegelaat om sy werkers 'n laer loon as die voorgeskrewe minimum loon te betaal nie. ✓✓
  Dis om te verseker dat werkers ten minste aan die minimum lewensstandaard kan voldoen. ✓✓

- **Regstellende beleide** ✓
  Daar is 'n aantal beleide wat deur die Suid-Afrikaner regering geïmplementeer is om die ongelykhede van die verlede aan te spreek. ✓✓
  'n Verskeidenheid beleide is sedertdien ingestel om die voorheen benadeelde groepe te bemagtig. ✓✓

- **Swart Ekonomiese Bemagtiging** ✓
  SEB is 'n regerings inmengingsbeleid wat in 1996 ingestel is om ongelykhede van die verlede aan te spreek. ✓✓ Die wet voorsien die fondasie vir transformasie van die Suid-Afrikaanse ekonomie sodat swartmense wat die land se ekonomie besit, bestuur en beheer beduidend kan verhoog en inkome ongelykhede daadwerklik kan verminder. ✓✓

- **Grondhervorming en grondherverdeling** ✓✓
  Die doel is om grond terug te gee aan diegene wat dit verloor het as gevolg van diskriminerende wette en praktyke. ✓✓
  Grondherverdeling fokus op grond vir residensiële en produktiewe gebruik. Dit word gebaseer op 'n gewillige-koper, gewillige-verkoper beginsel. ✓✓
  Die regering mik daarna om 30% van die land se landbougrond aan voorheen benadeelde mense te oorhandig. Grond is 'n groot rykdom bate as dit behoorlik aangewend word. ✓✓

- **Eiendom subsidies** ✓
  Eiendomme word gebruik om begunstigdes te help om eienaarskap van vaste residensiële eiendom te bekom. ✓✓
  Die regering se behuisingsubsidie-skema voorsien ses befondsingopsies aan kwalifiserende persone wat minder as R3 500 per maand verdien. ✓✓
  Die subsidie mag gebruik word om lenings van banke aan te vul. ✓✓

**ADDISIONELE GEDEELTE**
Verduidelik kortliks die redes vir ongelyke verdeling van inkome. ✓✓

**Ongelyke besit van rykdom** ✓ – Wanneer rykdom inkomste genereer in die vorm van wins, rente en dividende, veroorsaak verskille in rykdom ook verskille in inkome. ✓✓
**Verskille in die samestelling van huishoudings** – ✓ Sommige huishoudings is groot en ander is klein. ✓✓
**Verskille in vaardighede en kwalifikasies** – ✓ Diegene met gevorderde vaardighede en kwalifikasies is geneig om meer te verdien. ✓✓
**Diskriminasie** – ✓✓ Die inkome van sommige groepe is nadelig beïnvloed deur diskriminasie in terme van werksgeleenthede, vergoeding en bevorderingsmoontlikhede. ✓✓ (Enige 5 x 2) (10)
(Indien slegs genoem maks. 4 punte)

**SLOT**

In Suid-Afrika, word ekonomiese regstelling aangewend om die lewensstandaard van alle mense te verbeter. Dit word gedoen deur elkeen se toeganklikheid tot ekonomiese hulpbronne, te verbeter, deur gelyke geleenthede te bied. Maks. 2
**(Aanvaar enige toepaslike slot) [40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou